Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MAART 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

GROTTO DRA *GOEDKEURING* WEG NÁ INSPEKSIE

Ná afloop van 'n onlangse inspeksie het die internasionale Blouvlagorganisasie volpunte aan Grotto se Blouvlagstrand toegeken.

Gereelde inspeksies word uitgevoer terwyl strande as Blouvlagstrande funksioneer, en minstens een besoek is onaangekondig.

Blou Vlag is 'n jaarlikse internasionale toekenning wat fokus op die omgewingsbestuur van ons kuslyn en strandmere met die oog daarop om toerisme en ontwikkeling te bevorder. Alhoewel dit 'n vrywillige eko-etiket is, het dit 'n internasionale simbool geword wat dui op gehaltestrande, -bote en -marinas wat aan sekere standaarde van uitnemendheid voldoen sover dit veiligheid, geriewe, netheid, omgewingsinligting en omgewingsbestuur aanbetref.

In Suid-Afrika word die Blouvlagprogram deur WESSA (*Wildlife and Environment Society of South Africa*) bestuur.

Blouvlagstatus word seisoenaal toegeken, en munisipaliteite moet jaarliks aansoek doen om die status van hul strande te hernu.

Watermonsters word met gereelde tussenpose geneem en deur 'n onafhanklike laboratorium getoets.

- **Grotto se Blouvlagstatus sal van krag bly tot einde Maart 2018.**

Lauren Rainbird, Overstrand se Blouvlag-koördineerder, verskyn hier saam met Johann Durand van Blue Flag International (links) en WESSA se Blouvlagbestuurder, Rob Slater.

DANKBETUIGING VANUIT BURGEMEESTER SE KANTOOR TEENOOR MEELEWENDE OVERSTRANDERS

Ná die heengaan van raadsheer Rudolph Smith was dit werklik 'n riem onder die hart om so baie mense in ons munisipale gebied se empatie en ondersteuning te beleef.

Elke boodskap en elke spontane aanbod van ondersteuning, hetsy by wyse van donasies of ander vorme van hulp wat van die herdenking- en begrafnisdiens so 'n waardige geleentheid gemaak het, word opreg waardeer.

Met só 'n gemeenskap kan Overstrand net van krag tot krag gaan. Baie dankie!

SPAAR VANDAG; HÊ MÔRE:
RAPPORTEER ASSEBLIEF ALLE VERMOEDE WATERLEKKE ONMIDDELLIK

Gegewe die droogte wat ons provinsie tans beleef, is dit stellig nie nodig om enigeen daaraan te herinner dat water ten alle koste bespaar moet word nie. Een manier om seker te maak dat jy nie besig is om hierdie kosbare bron onwetend te vermors nie, is om jou maandelikse waterrekening nougeset na te gaan.

Buitengewoon hoë waterrekenings is gewoonlik toe te skryf aan een van die volgende:

- **Besproeiingstelsels**
- **Foutiewe meterlesings**
- **Foutiewe meters**
- **Lekke**

Diegene wat van besproeiingstelsels gebruik maak, moet asseblief onthou dat munisipale drinkwater slegs een keer per dag - vóór 09:00 of ná 17:00 - twee keer per week gebruik mag word om tuine, sportgronde en dies meer nat te lei.

Indien jy vermoed dat jou meterlesing foutief is, kan jy jou naaste munisipale kantoor kontak om die lesings teen ons finansiële rekords te kontroleer en om 'n afskrif te versoek van die foto's wat oor die afgelope drie maande van meterlesings geneem is.

In gevalle waar verbruikers vermoed dat die meter self dalk foutief mag wees, sal ons eers die moontlikheid van enige lekkasies moet uitskakel - hetsy aan die kant van die watermeter waarvoor die verbruiker verantwoordelik is, of aan die kant waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is.

Artikel 6.8.1 van Overstrand se beleid op kliëntesorg, kredietbeheer en skuldinvordering bepaal dat indien die lek aan die verbruiker se kant van die meter is, hy of sy verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van enige uitstaande gelde sowel as vir die koste om die lekkasie te herstel. Overstrand het egter 'n aantal hulpprogramme vir daardie klante wat per ongeluk geweldige waterverliese gely het. Vir meer besonderhede oor die bepalings en voorwaardes van hierdie programme, kontak asseblief jou naaste munisipale kantoor of besoek ons amptelike webwerf by **www.overstrand.gov.za**. Klik op die "Documents/Policies"-oortjie en laai die volledige *"Customer Care, Credit Control and Debt Collection Policy"* af.

Om onnodige vermorsing en uitgawes van hierdie aard te voorkom, is dit raadsaam om alle lekkende toebehore (d.w.s. toilette en krane) te herstel, die hoofleiding toe te draai wanneer jy beplan om vir 'n rukkie uitstedig te wees en om jou waterverbruik ten alle tye met groot sorg te kontroleer. 'n Ander oplossing sou wees om te vra dat die munisipaliteit 'n bo-perk op jou waterverbruik plaas deur 'n vloeibeperkende meter teen die goedgekeurde tarief te laat installeer.

Let asseblief ook daarop dat om met enige munisipale meter te peuter 'n kriminele oortreding is wat swaar boetes en die onmiddellike opskorting van alle munisipale dienste tot gevolg sal hê.

Indien jy enige vrae rakende munisipale dienste het, kontak ons gerus via **enquiries@overstrand.gov.za** en maak seker dat jy jou naaste munisipale kantoor besoek om jou rekeningdetails te verifieer:

Kleinmond	028 271 8400 / 028 271 8465
Hermanus	028 313 8000 / 028 313 8196
Stanford	028 341 8500 / 028 341 8516
Gansbaai	028 384 8300 / 028 384 8328

KENNISGEWING AAN OUERS: GEBRUIK VAN BIBLIOTEEKFASILITEITE EN MUNISIPALE GRONDE

Ten einde 'n omgewing te skep waarin dit veilig en aangenaam is om te lees en te leer en ander biblioteekaktiwiteite te beoefen, verwag Overstrand se biblioteke dat alle besoekers die volgende algemene reëls en regulasies sal nakom.

Ouers en toesighouers is verantwoordelik vir die veiligheid en gedrag van hul kinders terwyl hulle in die biblioteek is en daar word van kinders, net soos van alle gebruikers van die biblioteek, verwag om die biblioteek se reëls en regulasies te gehoorsaam. Om hierdie rede kan 'n kind wat hierdie reëls oortree, gevra word om die biblioteek se perseel te verlaat.

Kinders jonger as tien mag geensins sonder toesig gelaat word nie, en kinders tot op die ouderdom van twaalf moet nie vir lang tye of teen sluitingstyd sonder toesig gelaat word nie.

Ouers en oppassers moet hulle vergewis van die biblioteek se geskeduleerde sluitingstye en kennis neem dat die biblioteek soms onverwags weens operasionele redes mag sluit. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer/oppasser om aan hul kinders te sê wat hulle te doen staan indien hulle gevra sou word om die biblioteek te verlaat.

Biblioteekpersoneel sal byderhand wees om kinders met hul gebruik van die biblioteek se bronne by te staan en te help. Leerders sal 'n maksimum van een uur vergun word vir biblioteekverwante werk (huiswerk of navorsing). Die biblioteek is egter nie toegerus (en dit is ook nie die biblioteek se rol nie) om kindersorg oor die lang- of korttermyn te verskaf of om as 'n nasorgfasiliteit vir jong leerders te dien nie.

Die munisipaliteit aanvaar nóg verantwoordelikheid nóg aanspreeklikheid vir die optrede van, omsien na, toesighouding oor of veiligheid van minderjariges terwyl hulle gebruik maak van die biblioteek of op die persele met ander verkeer nie. Biblioteekpersoneel kan die wetstoepassingsafdeling se hulp inroep indien 'n kind teen sluitingstyd sonder toesig agtergelaat is, of as dit enigsins sou blyk dat die kind in gevaar verkeer of weier om die reëls of instruksies van die biblioteekpersoneel te gehoorsaam.

Om betrokke te raak by gedrag wat die normale bedrywighede van die biblioteek of munisipale kantore ontwrig of daarmee inmeng of wat die personeel, gebruikers van die biblioteek of lede van die publiek steur, word nie by enige van Overstrand se biblioteke of op die omliggende persele toegelaat nie. Sulke gedrag sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- **Gedrag wat op teistering of afdreiging neerkom**
- **Taal of gebare van 'n obsene of beledigende aard**
- **Oormatige lawaai, met inbegrip van om hard oor 'n selfoon of andersins te praat**
- **Om rond te hardloop, rond te spring of mekaar in die biblioteek of in die onmiddellike omstreke rond te jaag**
- **Om te slaap, te dut of in te dommel in of op 'n biblioteek se perseel**
- **Om op vloere of tafels in of op munisipale persele te lê of te sit**

OAK BIED TWEE KONSERTE AAN IN MAART

Op Sondag 4 Maart sal die Weense strykkwartet AUNER te siene wees in die Burgersentrum se ouditorium. Hierdie kamermusiekspesialiste gaan werke speel van Beethoven, Mozart, Schubert en Doderer.

Op Sondag 25 Maart gaan die orrelis Winand Grundling *14 Stations of the Cross* in Hermanus se Nederduits Gereformeerde Kerk uitvoer - 'n uiters gepaste uitvoering vir Palmsondag. *Beide konserte begin om 15:30. Kaartjies kos R140 (R60 vir leerlinge) en is beskikbaar by die toerismekantoor in Mitchellstraat. Skakel hulle by 028 312 2629. Rig asseblief enige ander navrae aan die sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238.*

OAK overstrand arts • kuns

OPGRADERING VAN BIENTANG-RIOOLPOMPSTASIE BEGIN

Dit is die norm dat alle infrastruktuur op een of ander tydstip gediens en opgegradeer moet word. In hierdie stadium is dit nodig om die Bientang-rioolpompstasie op te gradeer en die bou van 'n nuwe rioolpompstasie en styghoofleiding om hierdie fasiliteit te bedien, het op Woensdag 17 Januarie 2018 in Hermanus se middedorp (bokant die Ou Hawe) 'n aanvang geneem.

Ingevolge die kontraktuele ooreenkoms, moet werk teen die einde van Augustus vanjaar afgehandel wees.

Die tender is geadverteer en die siviele kontrak is toegeken aan A2 Loodgieters. Konstruksiewerk sal tussen 09:00 en 18:00 vanaf Maandag tot Vrydag plaasvind.

Buiten tydelike verkeersontwrigtings dan en wan kan diegene wat in die gebied woon, dit besoek of daar sake wil doen verwag om 'n mate van geraas en stof weens die konstruksiewerk te ervaar.

Munisipaliteit Overstrand vra om verskoning vir enige ongerief wat tydens konstruksie ervaar word. Desondanks kan die gemeenskap gerus wees dat die langtermynvoordele van die pompstasie se opgradering die tydelike ongerief weens konstruksie-aktiwiteite verreweg oortref.

Patrick Robinson bestuur die projek namens Munisipaliteit Overstrand en kan gekontak word by 028 313 5046 of probinson@overstrand.gov.za. Die kontakpersoon vir konstruksieverwante navrae by A2 Loodgieters is André Nel (082 805 2134) of Johnny Blokland (071 973 1342).

REGISTREER OP OVERSTRAND SE SMS-DATABASIS

Rekeninghouers kan van die munisipaliteit se SMS-databasis gebruik maak om hul selfoonnommers te registreer sodat hulle kennisgewings kan ontvang, soos

- Noodgevalle, bv. veldbrande, vloede en verkeersprobleme;
- Geskeduleerde onderbrekings waartydens munisipale elektrisiteit- en waternetwerke instandhouding of herstelwerk sal ondergaan, uitgesonder onderbrekings wat deur Eskom beheer word.

HOE OM VIR DIE MUNISIPALITEIT SE SMS-DIENS TE REGISTREER:

Rig asseblief 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za of kontak 'n kliëntediensbeampte by jou naaste betaalpunt as jy die SMS-diens wil aktiveer. Gebruik asseblief u munisipale rekeningnommer as u verwysing.

KLEINMOND: Vyfde Laan 33, Kleinmond; 028 271 8400
HERMANUS: Magnoliastraat, Hermanus; 028 313 8000/8111
STANFORD: Queen Victoria-straat 17, Stanford; 028 384 8500
GANSBAAI: Hoofweg, Gansbaai; 028 384 8300

• Jou kontakinligting sal as vertroulik hanteer word en sal nie aan ander partye openbaar gemaak word nie.